higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## VERVOEREKONOMIE
**NKR VLAK 2**

(11020282)

**7 November 2022 (Y-vraestel)**
**13:00–16:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**



Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs swart of blou ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 ‘n Groter bedrag van die begroting vir infrastruktuurontwikkeling word aan stedelike gebiede spandeer.

1.2 Die vervoerbedryf is staties; dus verander niks ooit nie.

1.3 Seevervoer is die belangrikste wêreldwye vragverspreidingsmetode.

1.4 ‘n Ondoeltreffende vervoerstelsel kan ‘n land se ekonomie negatief beïnvloed.

1.5 Die Nasionale Departement van Vervoer is verantwoordelik vir beleidsformulering.

1.6 Vervoer as ‘n afgeleide vraag beteken dat daar nie ‘n behoefte aan vervoer sal wees sonder ‘n aktiwiteit wat aan die begin of die einde van die reis plaasvind nie.

1.7 Armoede veroorsaak dikwels sosiale isolasie en voorkom persoonlike ontwikkeling.

1.8 Die regering moedig nie openbare vervoer aan nie, weens die hoë ongeluksyfer.

1.9 Vervoer is deur Statistiek Suid-Afrika as deel van die primêre sektor geklassifiseer.

1.10 Die meeste van die vrag wat deur lugvervoer vervoer word, is grondstowwe vanaf myne en nywerhede ver weg van die lughawe.

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 2

Kies ’n item/term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| COLUMN A | | COLUMN B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Alle aktiwiteite wat direk of indirek verband hou met die gebruik van voertuie, vaartuie en vliegtuie | A | passasiervervoer |
| 2.2 | Beweging van mense deur middel van enige vervoermetode | B | Dube-stad |
| 2.3 | Word gekenmerk deur staatsbesit en beperkte privaatsektordeelname en die afwesigheid van onafhanklike reguleerders | C | ontwikkelende land |
| 2.4 | Verantwoordelik vir enige moontlike verlies van goedere gedurende vervoer | D | vervoer |
| 2.5 | Akkommodeer ‘n verskeidenheid grondgebruike vir logistiekmontering, pakhuisberging, ligte vervaardiging, hoëwaardevrag | E | Dube-handelsone |
| 2.6 | Is direk aan die lughawe verbind en het wêreldklasvervoeronderneming | F | vervoersektor |
| 2.7 | Bestaan uit motorvoertuie, klerasie en skoeisel, IT en elektronika | G | vermenigvuldigereffek |
| 2.8 | Het deurlopend in Suid-Afrika verbeter weens die positiewe bydrae van vervoer tot die BBP | H | ontwikkelde land |
| 2.9 | ‘n Vryemarkstelsel | I | vervaardigingsektor |
| 2.10 | Mediumvlak van indiensneming | J | algemene vragvervoer |
| | | K | tersiêre sektor |
| | | L | Transnet Spoorvrag |

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 3

Definieer die volgende terme.

3.1 Tweevlakekonomie

3.2 Stoppende taxi

3.3 Koperkrag

3.4 Handelsbalans

3.5 Vraag

(5 × 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 4

4.1 Kyk na die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg:

**BYDRAE VAN NYWERHEDE TOT DIE BBP VAN SUID-AFRIKA**
**Q2 2021**

| | |
|---|---|
| 1. Vervoer en kommunikasie | 6.9% |
| 2. Landbou | 6.2% |
| 3. Persoonlike Dienste | 2.5% |
| 4. Handel | 2.2% |
| 5. Mynbou | 1.9% |
| 6. Elektrisiteit, gas en water | 0.7% |
| 7. Finansies | -0.4% |
| 8. Vervaardiging | -0.8% |
| 9. Regering | -0.9% |
| 10. Konstruksie | -1.4% |

[Bron: www.statssa.gov.za]

4.1.1 Identifiseer die sektor wat die grootste bydrae tot die Suid-Afrikaanse BBP gelewer het, en verduidelik kortliks in TWEE volsinne waarom jy glo dat hierdie nywerheid die meeste tot die BBP bygedra het, ondanks die inperking wat in 2020 plaasgevind het. (5)

4.1.2 Skryf die akroniem BBP volledig uit. (1)

4.2 Daar word gesê dat ‘n land goeie vervoerinfrastruktuur en ‘n funksionele vervoerstelsel moet hê om in die internasionale mark mededingend te wees. Die vervoerstelsel gaan egter ook gepaard met ‘n slegte invloed op die omgewing.

4.2.1 Noem VIER maniere waarop ‘n goeie vervoerinfrastruktuur tot Suid-Afrika se voordeel sal strek. (4 × 2) (8)

4.2.2 Bespreek DRIE impakte van eksternaliteite op vervoernetwerke/dienste. (3 × 3) (9)

4.3 Noem DRIE maniere waarop ‘n verbeterde vervoerstelsel ‘n land se ekonomie sal bevoordeel. (3 × 2) (6)

4.4 Beskryf TWEE maniere waarop vervoer ‘n vermenigvuldigereffek op ‘n land se ekonomie het. (2 × 2) (4)

**[33]**

## VRAAG 5

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae:

### VERSTAAN DIE MEDEDINGINGSKOMMISSIE VAN SUID-AFRIKA SE ONDERSOEK NA DIE OPENBARE PASSASIERSVERVOERMARK

Op 7 Junie 2017 sal die Mededingingskommissie van Suid-Afrika begin met ‘n markondersoek na die openbare passasiersvervoersektor. Dit is die vyfde markondersoek wat deur die Kommissie geïnisieer word, ná soortgelyke ondersoeke na die LPG-, gesondheidsorg-, kruidenierskleinhandel- en banksektore.

**Wat beplan die Kommissie om te ondersoek?**
Ingevolge die Opdrag (gepubliseer op 10 Mei 2017), sal die Kommissie ondersoek instel na hoe mededinging in die openbare passasiervervoersektor beïnvloed word deur faktore soos: Regeringsregulasies wat die pryse beheer wat deur bepaalde diensverskaffers gehef kan word, soos operateurs van metertaxi’s, regeringsubsidies wat aan bepaalde verskaffers verleen word, soos PRASA en die Gautrein, regeringsregulasies wat bepaalde vervoerroetes aan bepaalde diensverskaffers toewys, ontwrigtende tegnologie, soos Uber, Gautrein-busse wat slegs tot die beskikking van Gautrein-passasiers is, en die beoogde uitbreiding van die Gautrein-netwerk. Die Kommissie het ook aangedui dat dit die eienaarskapspatrone en transformasie in die sektor sal oorweeg.

**Wat is ‘n markondersoek?**
‘n Markondersoek is ‘n algemene ondersoek na die toestand, aard en vorm van mededinging in ‘n mark, eerder as ‘n eng ondersoek na spesifieke optrede deur enige bepaalde firma. Die Kommissie tree uit eie inisiatief op en kan ‘n markondersoek uitvoer indien dit rede het om te glo dat enige eienskap of kombinasie eienskappe van ‘n mark vir enige goedere of dienste mededinging in daardie mark verhoed, verwring of beperk. Nadat die ondersoek voltooi is, moet die Kommissie ‘n verslag publiseer en by die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling indien, met of sonder aanbevelings. Hierdie aanbevelings kan kwessies insluit soos aanbevelings vir nuwe of gewysigde beleide, wetgewing of regulasies met betrekking tot die betrokke sektor, of aanbevelings aan ander reguleringsowerhede oor mededingingsaangeleenthede. Die Kommissie kan moontlik ook in die loop van die ondersoek onwettige optrede blootlê, in welke geval dit ‘n klagte kan inisieer en met regstappe teen die betrokke firma kan begin.

**Watter firmas kan aan hierdie tipe markondersoek onderwerp word?**
Die Opdrag is wyd, en dui aan dat die Kommissie alle aspekte van die grondgebaseerde openbare passasiersvervoerbedryf sal ondersoek. Dit sal ondersoeke insluit na: Minibustaxi’s, Plaaslike taxi’s, Metertaxi’s, Toepgebaseerde taxis’s, Die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (PRASA), Metrorail, Die Gautrein, en Busse, insluitend pendelaarbusse, skoolbusse, langafstandbusse, toeristebusse en die BRT.

Kopiereg voorbehou

**Wat kan die betrokke firmas gedurende die ondersoek verwag?**
Soos dit in die Opdrag uiteengesit word, sal die Kommissie ‘n span saamstel bestaande uit Kommissie-personeel asook bedryfsdeskundiges en/of konsultante soos en wanneer nodig. Die Kommissie sal ook aan alle belanghebbers die geleentheid bied om insette in die ondersoekproses en die uitkomste daarvan te lewer. Sodra die span saamgestel is, sal hulle byeenkom en inligting van verskeie belanghebbers van die openbare passasiersvervoerbedryf evalueer. Hierdie inligting kan ingewin word deur middel van: Vraelyste, inligtingsversoeke, versoeke vir skriftelike en/of onderlinge voorleggings, toegespitsde vergaderings met sleutelbelanghebbers in die bedryf, en openbare verhore. Gedurende die ondersoek sal die Kommissie alle belanghebbers wat in die landgebaseerde openbare passasiersvervoerbedryf kontak ten einde inligting in te win deur middel van die metodes wat hier bo genoem. Die Kommissie beoog om die ondersoek na die openbare passassiersvervoerbedryf teen Mei 2019 te voltooi.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5. | 5.1.1 | Uit die gevallestudie, identifiseer VYF redes waarom hierdie ondersoek gedoen moet word. | (5 × 2) | (10) |
| | 5.1.2 | Noem VIER vervoermarkspelers wat in die gevallestudie genoem word. | | (4) |
| 5.2 | | Noem VIER voordele vir pendelaars om die BRTS te gebruik. | | (4) |
| 5.3 | | Noem DRIE voordele vir pendelaars om die Gautrein te gebruik. | (3 × 2) | (6) |
| 5.4 | | Gee VIER doelwitte van die Taxi-herkapitaliseringsprogram. | | (4) |
| 5.5 | | Noem DRIE wette wat die vervoerbedryf reguleer. | | (3) |
| 5.6 | | Noem SES infrastruktuurverbeterings wat in Suid-Afrika plaasgevind het. | | (6) |
| | | | | **[37]** |

**TOTAAL AFDELING B: 70**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou